SKOOLREËLS

1. TOEPASSING VAN SKOOLREËLS

1.1 Elke ingeskrewe leerder van die skool sal onderworpe wees aan die onderstaande skoolreëls.

1.2 Die skoolreëls sal toegepas word:

- Tydens gewone skoolure.
- Tydens amptelike buitemuurse aktiwiteite ongeag of sodanige aktiwiteite op die skoolterrein of elders plaasvind en ongeag of die leerders in skooldrag geklee is of nie.
- In gevalle buite skoolverband waar leerders deur middel van kleredrag, optrede of assosiasie as leerders van die skool geidentifiseer kan word.

2. SKOOLREËLS

2.1 AFWESIG

- Indien 'n leerder afwesig is, moet die ouers op dieselfde dag voor 08:00 die skool daarvan in kennis stel. Kennisgewing kan soos volg geskied:
  Per brief, per telefoon of persoonlik.

- Die leerder moet 'n brief van die ouers bring sodra hy/sy weer skool toe kom. Briewe is noodsaaklik vir liassering.
- Tydens toetsweek, eksamen of week wat die eksamen voorafgaan, moet die leerder 'n sertifikaat van 'n geneesheer inhandig wanneer hy/sy weer skool toe kom.
- 'n Mediese sertifikaat moet ook ingedien word indien 'n leerder vir meer as drie dae van die skool afwesig is, anders word bloktyd opgeskort.
- Afwesigheid van 10 dae of meer, sonder toestemming, kan lei tot eksamenweiering.

2.2 TERREIN VERLAAT TYDENS SKOOLURE

- Niemand mag gedurende skooltyd die terrein sonder toestemming verlaat nie.
- 'n Leerder wat gedurende skooltyd die terrein wil verlaat, se ouers moet 'n dag voor die tyd die hoof skakel en die nodige verlof verkry. Indien verlof toegestaan word, moet die ouer 'n brief aan die leerder oorhandig waarin die verlof bevestig word.
- Dokters- en tandartsafsprake moet asseblief vir na skooltyd gereël word.
- Alle afsprake vir leerlinglisensie sowel as rybewyse moet in die middag geskied vanaf 12:45 aangesien die toetsaflegging om 13:30 is. Geen afsprake vroeër.

2.3 LAATKOM

- Leerders moet soggens betyds (07:30) by die skool wees.
- Leerders wat laatkom moet eers by die kantoor rapporteer.

2.4 SKOOLTERREIN EN ALGEMEEN

- Gedurende pouse word geen leerder sonder toestemming van ‘n opvoeder in die klaskamers, saal of boonste stoepe toegelaat nie.
- Leerders moet gedurende pouse hulle tasse by hulle hou.
- Niemand mag gedurende skooltyd by die fietsloods kom nie.
- Elke leerder moet daarmee help om klaskamers, stoepe en terrein netjies te hou.
- Die geboue, meubels en apparaat moet beskerm en opgepas word. Elke leerder se eiendom is sy/haar eie verantwoordelikheid. Indien ‘n leerder iets verloor, moet hy/sy by die kantoor navraag doen.
- Indien ‘n leerder gedurende ‘n lesperiode die klas verlaat, moet hy/sy ‘n skriftelike toestemmingsbrief van die opvoeder in sy besit hê.
- Geen selfone of MP3 spelers word by die skool toegelaat nie.

2.5 AANTREE EN VERWISSELING VAN KLASSE

- Leerders moet vinnig en ordelik op die vasgestelde tye op die aangewese plekke aantree.
- Verwisseling van klasse moet ordelik, vinnig en in rye plaasvind.
- Op die trappe beweeg almal links en agter mekaar.
- Geen leerder mag gedurende klastyd die snoepie besoek nie.

2.6 BESERINGS EN SIEKTE GEDURENDE SKOOLURE

- Indien ‘n leerder gedurende skoolure beseer of siek word, moet dit onmiddelik by die kantoor gerapporteer word.
- Toestemming moet by die graadhoof verkry word, sodat die sekretaresse die leerder se ouer(s) kan skakel. Die koste van die oproep is die leerder se verantwoordelik-heid.
- Leerders moet deur ‘n ouer of voog en nie ander persone nie, by die administra-tieweblok afgehaal en uitgeteken word.

2.7 MOTORS, MOTORFIETSE EN FIETSE

- Geen leerder mag ‘n motor binne die skoolterrein bestuur nie – selfs nie buite skoolure nie.
- Motors moet buite die skoolterrein geparkeer word.
- Leerders mag nie met fietse of motorfietse op die terrein ry nie. Dit moet gestoot word.
- Geen leerder mag ‘n motor of motorfiets bestuur sonder ‘n wettige bestuurders-lisensie nie

2.8 GEBRUIK EN/OF BESIT VAN SEKERE STOWWE EN VOORWERPE

- Leerders mag nie alkohol of dwelms of stowwe met bedwelmende uitwerking gebruik nie.
- Leerders mag nie op die skoolterrein rook nie.
- Leerders mag nie tydens skoolfunksies of ander buitemuurse aktiwiteite rook nie, ongeag of hulle in in skooldrag gekleed is of nie.
- Leerders mag nie in openbare plekke rook terwyl hulle in skooldrag gekleed is of andersins met die skool geassosieer of geidentifiseer kan word nie.
- Die besit van:

  Dwelms of bedwelmende stof;

  Alkohol;

  Sigarette of tabak;

  Vuurwapens, ammunisie en ander wapens, apparate of voorwerpe wat liggaamlike beserings of psigiese leed kan veroorsaak;

Vuurhoutjies of aanstekers;

Sataniese leesstof of simbole; en/of pornografiese of ander aanstootlike materiaal van 'n seksuele aard, is verbode.

2.9 KLERE EN VOORKOMS

2.9.1 ALGEMEEN

- Reëls met betrekking tot skooldrag en haarstyl geld gedurende skooltyd, tydens amptelike skoolfunksies en buitemuurse aktiwiteite waar skooldrag gedra word en ook na skooltyd, wanneer leerders in skooldrag geklee is.
- Oosiedrag mag slegs gedra word met vooraf goedkeuring.

2.9.2 SEUNS SE VOORKOMS

(a) SKOOLDRAG

(i) SOMER (1 September tot 30 April)

- Slegs kortmou blou hemp soos deur amptelike verskaffers voorsien.
- Grys broek (kort of lank) met 'n grys of swart belt.
- Swart skoolskoene (sole nie dikker as 20mm met swart veters) en skoolkouse.
- Voorgeskrewe skooltrui en/of skoolbaadjie en/of donkerblou windbreker (Drimac). 'n Skooldas moet saam met die baadjie gedra word.

(ii) WINTER (1Mei tot 31 Augustus)

- Langmou blou hemp soos deur die amptelike verskaffer voorsien.
- Grys broek (kort of lank) met 'n grys of swart belt.
- Swart skoolskoene (sole nie dikker as 20mm met swart veters) en skoolkouse.
- Voorgeskrewe skooltrui en/of skoolbaadjie en/of donkerblou windbreker (Drimac).
- Donkerblou skoolserp met amptelike kleure (20mm X 160mm).
- Oos-Moot <u>sweetpakbaadjie</u> mag gedra word.

(III) ALGEMEEN

- Slegs skoolkleurtruie, sweetpakbaadjies, of windbrekers mag saam met skooldrag gedra word.
- Geen kettings, ringe of ander juweliersware mag gedra word nie. (horlosies en "Medic Alert" hangertjies of –armkettings uitgesluit).
- Geen baarde of snorre word toegelaat nie. Seuns moet elke dag geskeer wees. Wangbaarde mag nie laer as die middel van die oor wees nie.
- Vermy enige eiesinnige wysigings aan skooldrag bv. Oprol van kortmouhemde se moue, afwerk van broekspype.
- Naels moet kort wees.
- Kouse met opgetrek wees.
- Geen buitensporige gespes aan lyfgordels sal toegelaat word nie.
- Hemde moet ingesteek wees.
- <u>Geen</u> tongringe, neusringe, oorringe of lipringe.

(iv) HARE

- ‘n Netjiese, skoon, natuurlike haarstyl wat by ‘n skoolseun pas word voorgeskryf.
- Die kuif mag nie aan die wenkbroue raak nie. Hare langs die kante mag nie aan die ore raak nie.
- Hare agter mag nie aan die kraag raak nie en moet ook nie dik en lank wees nie.
- Hare mag nie gekleur word nie – geen sonstrepe.
- Hare bo-op die kop mag nie te lank wees nie en moet aanpas by die haarstyl, d.w.s. die snit van die hare moet sodanig wees dat die lengte van die hare in verhouding is (bv. nie uitermate kort bo-op en lank langs die kante nie).
- Elke seun se hare sal individueel beoordeel word, aangesien sommige seuns krulhare en ander styl hare het. Geen vergelyking moet met ander seuns se hare gemaak word nie.
- Modegrille word nie toegelaat nie.
- ‘n Baie ligte “gel” om hare beheersd te hou, sal toegelaat word.
- Geen “undercut” word toegelaat nie.

2.9.3 DOGTERS SE VOORKOMS

(a) SKOOLDRAG

(i) SOMER (1 September tot 30 April)

- Donkerblou rompie of donkerblou langbroek soos deur die amptelike verskaffer voorsien.
- Kotmou blou hemp soos deur die amptelike verskaffer voorsien.
- Kort blou sokkies soos deur die amptelike verskaffer voorsien.
- Swart skoolskoene (sole nie dikker nie as 20mm).
- Voorgeskrewe skooltrui en/of skoolbaadjie en/of donkerblou windbreker (Drimac). ‘n Skoodas moet saam met die baadjie gedra word.

(ii) WINTER (1 Mei tot 31 Augustus)

- Donkerblou rompie (15 cm) bokant die knieë – wanneer leerder op knieë staan) of donkerblou langbroek soos deur die amptelike verskaffer voorsien.
- Langmou blouhemp soos deur die amptelike verskaffer voorsien.
- Skooldas
- Swart skoolskoene (sole nie dikker nie as 20mm).
- Donkerblou lang broekiekouse.
- Voorgeskrewe skooltrui en/of skoolbaadjie en/of donkerblou windbreker (Drimac).
- Donkerblou skoolserp met amptelike kleure (20mm X 160mm).
- Oos-Moot <u>sweetpakbaadjie</u> mag gedra word.

(iii) ALGEMEEN

- Romp 15cm bokant die knieë, van die grond af gemeet wanneer die dogter op haar knieë staan.
- Geen langmouhemde mag by somersdrag gedra word nie.
- Langmouhemde mag nie buitensporig groot wees nie.
- Slegs skoolkleurtruie, sweetpakbaadjies of windbrekers mag saam met skooldrag gedra word.
- Uitgerekte truie of truie wat te groot is, is verbode.
- Truie mag nie oor heupe hang nie.
- Hemde moet ingesteek word.

- Oorkrabbers:
  - Slegs dogters met gaatjies in die onderste gedeelte van die oorlel mag oorkrabbers dra.
  - Slegs knoppies, klein silwer of goue ringetjies (1mm dik en 10mm in deursnee), wit- of blou steentjies mag gedra word.
  - Meer as een oorkrabber aan 'n oor, is nie toelaatbaar nie.
  - Geen tongringe, neusringe, oorringe of lipringe nie.

  NAELS

  - Naels moet netjies versorg en kort geknip wees (2mm vanaf lewe tot by punt van die nael).
  - Aanwending van kleurlose naellak is toelaatbaar. Gekleurde naellak is nie toelaatbaar nie.

  JUWELIERSWARE

  - Geen juweliersware mag gedra word nie.
  - Uitsonderings:
    - ❖ Horlosies mits die kleur by skooldrag aanpas (goud, silwer, blou, bruin swart, wit of geel). Geen armbande van enige aard word toegelaat nie.
    - ❖ "Medic Alert" hangertjies of armkettings.
    - ❖ Een goedgekeurde seëlring aan die ringvinger.

- Slegs goedgekeurde skoolskoene mag gedra word. Sandale of "Docs" word nie toegelaat nie. Die veters van toerygskoene moet swart wees.
- Geen grimmering of "lip gloss" word toegelaat nie.

(iv) HARE

- 'n Netjiese, natuurlike haarstyl en kleur wat by 'n skooldogter pas, word voorgeskryf.
- Indien hare oor die kraag hang, moet dit vasgemaak word. Effekleurige, hemelsblou, geel, donkerblou, wit of swart lint, bolletjies of "scrunchies" mag gebruik word om die hare mee vas te maak. (Vlinders in die hare is nie deel van skooldrag nie).
- Die kuif mag nie oor die oë hang nie.
- Hare mag NIE gekleur word nie. Gebleikte, veelkleurige hare of sonstrepe in hare word nie toegelaat nie.
- Geen afwykende uitheemse haarstyle word toegelaat nie. Veral nie hare wat woes van die kop af wegstaan nie. Hare mag nie meer as 4cm bo die kop staan nie.
- Hare met 'n permanente golwing moet netjies en beheersd gedra word.

2.9.3 SPORTDRAG

(a) ALGEMEEN

- Slegs goedgekeurde sweetpakke soos deur die amptelike verskaffer voorsien of donkerblou sweetpakbroeke en donkerblou windjekkers (Drimacs) mag by sportdrag gedra word.
- Senior spanne mag, nadat oorleg tussen sportafrigters, sportorgani-seerders en die hoof plaasgevind en toestemming daarvoor verkry is, in sportdrag wat van die normale drag soos deur die amptelike verskaffers voorsien word, deelneem.

(b) ATLETIEK

- Atletiekfrokkie soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
- Donkerblou atletiekbroek soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
- Sportkouse.

(c) NETBAL

- Netbalhempie soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
- Netbalromp soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
- Skoolsokkies soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
- Seilskoene.

(d) HOKKIE

- Hokkiehempie soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
- Donkerblou romp soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
- Donkerblou hokkiekouse soos deur die amptelike verskaffers voorsien.

(e) SAGTEBAL

- Sagtebalhempie soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
- Sagtebalbroek
- Lang blou kouse soos deur die amptelike verskaffers voorsien.

(f) TAFELTENNIS

- ‘n Tafeltennishempie soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
- Donkerblou romp soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
- Donkerblou atletiekbroek/romp soos deur die amptelike verskaffers voorsien.

(g) RUGBY

- Rugbytrui soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
- Donkerblou rugbybroek.
- Rugbykouse soos deur die amptelike verskaffers voorsien.
- Rugbystewels.

(h) AMPTELIKE SKOOLGELEENTHEDE

- Oos-Moot skooldrag.

(i) OOSIEDRAG

- Oosiehemp, Oosiebroek, seilskoene (tekkies). Oosiedrag mag slegs gedra word op kennisgewing.

(j) SKOOLTASSE

- ‘n Skooltas (nie sak) met versterkte binne en buite afskortings word deur die GDO vereis, om boeke en handboeke te beskerm. (Donkerblou of swart skooltas).

DISSIPLINÊRE STELSEL

1. AGTERGROND

Wanneer ‘n ouer/voog sy/haar kind by die skool inskryf aanvaar hulle daardeur ook die dissiplinêre stelsel en onderneem hulle om daaraan gebonde te wees. Indien die gedrag of optrede van ‘n leerder of sy/haar ouer/voog noodsaak dat die skool regskoste moet aangaan ten einde hierdie dissiplinêre stelsel af te dwing, sal die ouer/voog vir sodanige koste aanspreeklik wees en sal dit op aanvraag betaalbaar wees.

Indien ‘n leerder daarvan beskuldig word dat hy/sy die gedragskode oortree het, sal hy/sy ‘n regverdige kans gegun word om sy/haar saak te stel. Indien hy/sy skuldig bevind word, sal die toepaslike dissiplinêre maatreëls soos hieronder uiteengesit, toegepas word. Verontagsaming van enige opgelegde dissiplinêre maatreël kan tot skorsing lei.

2. OORTREDINGS EN DISSIPLINÊRE MAATREËLS

2.1 KATEGORIE EEN OORTREDING

- Swak skoolbesoek (vyf dae en meer sonder ‘n brief van ouer of mediese sertifikaat – nie noodwendig aaneenlopend).
- Versuim om ‘n brief vir afwesigheid in te dien.
- Huiswerk afskryf.
- Ses maal versuim om huiswerk te voltooi (bv. 2 onderwysers rapporteer 3X versuim.
- Spuug.
- Steek ander se eiendom weg.
- Steurend in klas of tydens byeenkomste.
- Ongeskik of ongemanierd.
- Ongehoorsaam teenoor opvoeders, leerlingraad of VLR-lede.
- Versuim om klasreëls of algemene skoolreëls na te kom.
- Geen toestemming om vanaf publieke telefoon te skakel.
- Gebruik publieke telefoon tydens lesperiodes.
- Liefkosing in skooldrag (ongeag of dit op skoolterrein of daarbuite plaasvind).
- Graffiti, simbole, slagspreuke of poltiek op tas, dagboek, handboek, penneblik, lyf of klere.
- Drie maal laat vir klas sonder skriftelike verskoning.
- Verbode terrein betree.
- Onveilige gebruik van fietse, motorfietse, of motors, onveilige pad gebruik.
- Vloek of skeltaal gebruik.
- Skryf van onwelvoeglike briewe.
- Vertel leuens.
- Bemors lokaal of terrein. Besit van vuurhoutjies of ‘n aansteker (skep van veiligheidsrisiko).
- Rooktoeskouer.
- Lid VLR/Leerligraad dra kennis van ‘n oortreding maar versuim om dit aan te meld.
- Studiegids tuis gelos.
- Drie maal laat vir skool.
- Loop rond tydens periodes (“sweep”).
- Drie maal bevind dat handboeke nie oorgetrek is nie.
- Drie maal bevind dat hy/sy in die klas eet.
- Versuim om afskeurstrokie terug te bring.

- In skooldrag geklee wat nie volgens skoolreëls is nie.
- Dra van juweliersware.
- Hare nie volgens skoolreëls.

2.2 DISSIPLINÊRE MAATREËLS : KATEGORIE EEN OORTREDINGS

- Eerste oortreding : Waarskuwing aan leerder en oueronderhoud (1) deur graadhoof.
- Eerste oortreding : Oortredings wat verband hou met skoolbesoek: Leerder se ouers word skriftelik van die oortredings in kennis gestel.
- Tweede oortreding : Leerder word uit die klas gestuur indien oortreding in klassituasie plaasvind
    - Gemeenskapsdiens
    - Een sessie detensie
    - Gee van pas en oueronderhoud (1) deur graadhoof.
- Derde oortreding : Oueronderhoud en skorsing (2) vir een dag.
- Verdere herhaling : Die hoof en die adjunk-hoof los die saak in same-werking met die leerder se ouers op.
    - Die leerder kan na die skoolsielkundige verwys word.
    - Die oortreding word op die leerder se vooglêer aangeteken.
    - Na gelang van die oortreding kan dit as ‘n kategorie 2 of 3 oortreding hanteer word.

2.3 KATEGORIE TWEE OORTREDINGS

- Besit van satanistiese leesstof/simbole.
- Swak skoolbesoek (tien dae of meer sonder mediese sertifikaat – nie noodwendig aaneenlopend nie).
- Oneerlik tydens aflê van toets of eksamen .
- Dokument, brief, handtekening vervals.
- Oneerlike telefoonoproep.
- Teken uit met vervalste brief.
- In besit van sigarette/tabak.
- Rook in skooldrag (ongeag of dit op skoolterrein of daarbuite plaasvind.)
- Opsetlike beskadiging van skooleiendom, meubels of handboeke.
- Opsetlike beskadiging van ander persone se eiendom.
- Stokkiesdraai vir volle skooldag.
- Periodestokkiesdraai/massa-wegloopaksie.
- Baklei,stamp boelie, afknou, teister, dreig, intimideer, viktimiseer of beseer ander of poog om ander te beseer.
- Afwesig van sportwedstryd/kultuuroptrede, sonder verskoning (deelnemer).
- Maak van lasterlike of kwetsende opmerkings.
- Besit van pornografiese of ander aanstootlike materiaal of materiaal van seksuele aard.
- Ontwrig klas of byeenkoms.
- Swak gedrag by skoolaktiwiteite (selfs in privaatdrag).
- Uitdagend of uittartend teenoor opvoeders of ander personeel van die skool.
- Gebruik van selfoon gedurende skooltyd.
- Verlaat skoolterrein gedurende skooltyd sonder toestemming.
- Kom terrein laat binne en versuim om eers by kantoor aan te meld.
- Versuim om gemeenskapsdiens te verrig.

- Neem bloktyd sonder toestemming.
- Onwelvoeglik gekleed.

2.4 DISSIPLINÊRE MAATREËLS : KATEGORIE TWEE OORTREDINGS

- Eerste oortreding : Oueronderhoud (1) deur hoof of adjunk-hoof.
- Eerste oortreding : Oortredings wat verband hou met skoolbesoek: Waarskuwings dat leerder geweier kan word om eksamen af te lê.

- Eerste oortreding : Bloktyd neem sonder toestemming: Waarskuwings dat leerder geweier kan word om eksamen af te lê.

- Tweede oortreding : Oueronderhoud (1) plus of twee sessies detensie of twee dae skorsing (2) (afhangend van die oortreding).
- Derde oortreding : Oueronderhoud (1) of drie sessies detensie of vyf dae skorsing (2) (afhangend van die erns van die oortreding).
- Vierde herhaling : Die hoof, adjunk-hoof(de) en dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam hanteer die aangeleentheid met die leerder en sy/haar ouer(s)/voog(de). Leerder ontvang ‘n waarskuwing dat verdere oortreding tot ‘n aanbeveling vir uitsetting mag lei.
  Die leerder kan na die skoolsielkundige verwys word.

  Die oortreding word op die leerder se vooglêer aangeteken.

  Na gelang van die erns van die oortreding kan dit as ‘n kategorie 3 oortreding hanteer word.

2.5 KATEGORIE DRIE OORTREDINGS

- Besit of gebruik van of handel in alkohol of dwelms.
- Snuif gom of ander bedwelmende stowwe.
- Onder invloed van alkohol of dwelms.
- Besit van vuurwapen, ammunisie, wapen apparaat of ander voorwerp wat liggaamlike beserings of psigiese leed kan veroorsaak.
- Diefstal.
- Swak skoolbesoek (15 dae en meer sonder mediese sertifikaat – nie noodwenig aaneenlopend nie).
- Vraestelle steel, afskryf, besit of bekom of kennis dra van gesteelde vraestelle.
- Fisiese geweld teenoor personeel.
- Spuitverf op geboue of ander eiendom.
- Organiseer ‘n onwettige massa-wegloopaksie of ‘n ander massa-optrede.
- Aanranding.
- Seksuele teistering of ander wandade van ‘n perverse of seksuele aard.

- Brandstigting.
- Rassehaat of rassistiese aanval.

2.6 DISSIPLINÊRE MAATREËLS : KATEGORIE DRIE OORTREDINGS

3 SKORSING

Indien ‘n leerder hom/haar aan ‘n oortreding van ‘n kategorie3-reël of voortdurend aan wangedrag skuldig maak,

kan hy/sy geskors word. Die tydperk van skorsing kan wissel van een onderrigperiode, ‘n skooldag of selfs langer. Die beheerliggaam sal, met inagneming van alle relevante wetgewing en beleidsvoorskrifte verantwoordelik wees om die saak deeglik te ondersoek voordat skorsing plaasvind. In gevalle waar skorsing oorweeg word, sal die betrokke leerder en sy/haar ouers skriftelik van die prosedure wat gevolg word en hulle regte in kennis gestel word. Leerder wat werk as gevolg van skorsing misloop, is self verantwoordelik om die werk in te haal of te voltooi.

4 UITSETTING

Indien ‘n leerder hom of haar aan die oortreding van ‘n kategorie 3 – reël skuldig maak of wanneer ‘n oortreding of reeks oortredings die uitsetting van ‘n leerder regverdig, kan uitsetting oorweeg word. Die aangeleentheid sal

ooreenkomstig die relevante wetgewing en beleidsdokumente hanteer word.

In gevalle waar uitsetting oorweeg word, sal die betrokke leerder en sy/haar ouers skriftelik van die prosedure wat gevolg word en hulle regte in kennis gestel word.

5 APPÈLPROSEDURE

Enige leerder of sy/haar ouers het die reg om teen enige bevinding en/of straf te appelleer.

Afhangende van die persoon wat die bevinding uitgebring en/of die straf opgelê

het, is die hiërargie waarbinne sodanige appèl aangeteken kan word, soos volg:

- Hoofvoog
- Graadvoog
- Dissiplinêre hoof
- Hoof

- Beheerliggaam
- Departementshoof : Gauteng Onderwysdepartement
- Lid van die Uitvoerende Raad : Gauteng

Behoudens enige staututêre vereistes, kan die persoon na wie geappèlleer word,

vereis dat die appèl op skrif gestel word..

(1) *Oueronderhoud kan telefonies of persoonlik plaasvind. Indien 'n groep leerders betrokke is word alle ouers ingelig.*
(2) *Ingevolge artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (wet No. 84 van 1996) word skorsing beskryf as 'n tydelike maatreël en kan die skool 'n leerder vir 'n maksimum van vyf dae skors. Gedurende skorsing mag die leerder nie aan enige sportbyeenkomste of skoolaktiwiteite deelneem of toetse aflê nie. Leerders kry 0% vir so 'n toets.*